DIE BERGKLUB VAN SUID-AFRIKA

AFDELING STELLENBOSCH
POSBUS 152, STELLENBOSCH, 7599
bksa-stb@bigfoot.com

OMSENDBRIEF NOMMER 229 **April tot Augustus 2001**

"In this short span between my fingertips and the smooth edge and these tense feet cramped to a crystal ledge, I hold the life of a man."
(Geoffrey Winthrop Young)

• Jaarlikse Dinee 19 Oktober 2001

Die dinee word hierdie jaar deur die Stellenbosch afdeling aangebied. Die plek sal wees **Delaire**. (net buite Stellenbosch op die Helshoogte pad) Tyd: 6 vir 6:30 nm. Koste is R 150 per persoon. Daar sal 'n gasspreker wees en 'n heerlike ete met goeie musiek. Besprekings en navrae by Dave Weber tel: 021 852 4623 of epos *weber@stonethree.com*.

• Voorstelle vir uitstappies

Daar is bykans geen voorstelle vir uitstappies ontvang vanaf lede nie. Die bestuur wil graag voorstelle hê en is altyd opsoek na lede wat bereid is om uitstappies te lei. Die huidige klimprogram is saamgestel deur gebruik te maak van 'n paar bereidwillige leiers. As jy voel dat die huidige klimprogram nie aan jou behoeftes voldoen nie, of as jy 'n uitstappie wil lei, kontak gerus vir Teuns Kok met jou voorstelle.

• Toegang en jaarpermitte

Teuns Kok is nou weer terug van sy reise in Afrika en die Jaarpermitte is weer by hom. Kontak hom ook vir hutsleutels en ander sake rakende toegang.

Kaapstad Afdeling het laat weet dat hulle beplan om 'n kodeslot by die Du Toitskloofhut aan te bring. Die kode sal op 'n gereelde basis verander word. Maak dus seker by die Kaapstad Afdeling kantoor dat jy die regte kode het as jy die hut wil gebruik. Of gaan luister op Donderdagaand, 14 Junie by die klubhuis van die Kaapstad Afdeling oor "Die BKSA eiedomme".

• E-pos Adreslys

As jy nie hierdie nuusbrief ook per e-pos ontvang het nie, is jou e-pos nie op ons adreslys nie. Die e-pos lys word ook gebruik om met lede te komunikeer tussen nuusbriewe, bv. om veranderinge aan die klimprogram aan te bring en ander nuus uit te stuur. Stuur e-pos na Hans Scheffler by hscheff@bigfoot.com as jy jou naam op die e-poslys wil laat byvoeg.

• 1999 Joernaal

Die 1999 Joernaal is saam met hierdie nuusbrief gepos aan lede wat saam met hulle 1999 ledegeld vir 'n joernaal betaal het. Kontak vir Hans Scheffler as jy nie jou joernaal gekry het nie

• Trek en Klim in China en Oos Kirghiszstan Julie 2001

Ulrike Kiefer skryf: 'n Klein groepie trekkers soek meer mense om hulle te vergesel einde van Julie/Augustus hierdie jaar. 22 dae, plus 'n paar dae wat bykom vir vlugte. Hulle begin by Bishkek, stap in die Ala-Archa berge, rondom Son-Kul meer en Tash-Rabat area en ry dan oor die grens na Kashgar, 'n antieke Chinese stad. Vandaar ry hulle na Karakulmeer en trek dan vir 3 dae tot die basiskamp van Kuksay glacier. Daar sal hulle vir 5 dae maklike stappe doen en van die berge in die omgewing klim. Akkomodasie sal hoofsaaklik in tente wees. Alle permitte en formaliteite word vooraf gereël en is ingesluit in die prys. Verblyfkoste, draers, etes ens. sal afhang van die hoeveelheid mense wat aan die trektog deelneem. Vir 'n groep van 4 mense sal die koste US$ 2180 per persoon en vir 'n groep van 16 persone sal die koste US$1330 wees per persoon. Ulrike het ook pryse vir enige hoeveelheid van mense tussenin. As julle belangstel kan julle aan Ulrieke Kiefer skryf met e-pos: ukiefer@icon.co.za of bel haar by telefoonnommer (011) 907 7438.

• Mozambique 2001

Mark Seuring en Alard Hüfner beplan 'n trip na Noord Mozambique in Julie om te gaan klim op die groot graniet doom. Die hoofrede is om nuwe roetes te gaan oopmaak. 'n Sterk span Britse klimmers (Leo Holding, Andy Donson, Ben Bransby, Peter Robins) beplan om by hulle aan te sluit. Alard skryf verder: Mozambique se Noordelike Nampula Provinsie is 'n baie interessante en mooi area, vir klimmers en stappers en mense wat net wil ontdek. Die sewe roetes wat sover geopen is, is van graad 20 of meer, maar daar is plek vir baie nuwe roetes!! Die "trip" is beplan vir 2 tot 22 Julie. Die reis sal deur Mozambique, die Tete korridor, Malawi en dan in Noord Mozambique gaan. Die vloede in die Sentrale Provinsies van Mozambique sal nie die "trip" affekteer nie. Die klimme is baie verder noord van hierdie area. Vir meer inligting kyk op Alard tuisblad: http://www.alardsbigwall.webclimbing.com of kontak vir Mark by: mseuring@hotmail.com of vir Alard by: rudebushman@hotmail.com.

• July Camp, Kamberg 7-21 July 2001

Kwazulu-Natal Section is hosting their 81st July Camp from 7-21 July at Kamberg. Base Camp will be next to the Mooi River on what was previously 'Game Pass Farm'– 80 minutes walk from the car park. From this site parties will be able to traverse south to the Loteni and north to Giants and Injasuti or further. The area is renowned for its Bushman paintings and many of them are not far from base camp. For climbers some routes on the Giant offer challenges particularly if there is some ice on them! There are no excuses if you haven't attended a July Camp yet! Only R300 for a whole week – Ishmael's cooking included (see 1998 Journal).Obtain details and application forms from:

a) Kay Nixon, 20 Phipson Road, Scottsville, Pietermaritzburg, 3201. Tel: 033-346 0003 (h) or 033-386 2314 (w) mornings only. Fax: 033-386 8905. E-mail: kay@icfr.unp.ac.za (From 4 to 18 May: information about the camp may be obtained from Miss M.A. Basson Tel 033-342-5105)

b) Within the next couple of days: http://mcsa.org.za/mcsakzn. Apply before 4 June.

- **Kaapstad Afdeling:** ***Thursday evening socials***

Die Kaapstad Afdeling van die Bergklub se klubaande word deesdae gehou op Donderdagaande by die klubhuis (Hatfield 97) en nie meer soos voorheen op Vrydae nie. 'n Paar interessante praatjies word gelys.

- 17 Mei "When men and mountains meet: medicine at high altitude" deur dr Joe Tyrrell.
- As julle nog twyfel oor die julie kamp gaan dan kyk na Eleanor en Mark Wilson se skyfies oor die Drakenberge op 24 Mei.
- Op 31 Mei praat Caryn Maxwell oor 'n trip na Suid-Amerika getitel: "A Magical and Mystical Tour of the Sacred Sites of Peru and Bolivia".
- Gaan luister op 14 Junie oor "The MCSA: Our Own Properties" dan weet jy wat ons alles besit, waar en hoe jy toegang kry.
- Dave Larson van die VSA praat oor sy ondergrondse avonture in "Xibalba, Underground in Belize" op 28 Junie.

- **Rescue News: A busy week!**

Hier volg 'n interessante paar dinge wat die afgelope Maartmaand gebeur het. Die stukkie is geskryf deur Dave Weber.

"On Friday 23 March, the rescue team was called out to find and rescue a group of 23 grade 10 school children and a teacher who had got lost somewhere between Bothmaskop and Square Tower peak. They had run out of food and water and were quite exhausted. Fortunately, they had cell phone contact and a couple of torches. When I (Dave Weber) received the call from Andy Wood (Cape Town Section), the party reported seeing the lights of Wellington and the Boland Stadium! Needless to say, they were a little lost. I called Hans Scheffler and Paul Verhoeven, interrupting a very nice Indonesian prawn curry I had made. Paul had guests which he had to leave. We established that the party had climbed Bothma's Kop at around 12am that morning, and figured out that they still had to be on the ridge between Bothmaskop and Square Tower Peak, so we set off in a borrowed 4 wheel drive. We parked the 4wd at the top contour road in Safcol land, and set off for the ridge at around 11pm that night. At around 12:15am, Hans spotted their lights and about half an hour later, we had located the party, intact and thirsty. We handed out around 10litres of water and Energade as well as several bars of chocolates to some rather eager faces. After organising the party, we led them down the mountain to the 4wd. It took three trips to get everybody down, and on the last trip, some of the party elected to walk. I went up to give them a ride down, and succeeded in ripping up a tire on the 4wd. When I discovered that the wheel spanner did not fit the wheel nuts, I spent about 10 minutes cursing, and then called on Hans and Paul to rescue me. At around 6:30am, they arrived bearing a welcome spanner. Apart from the tire fiasco, the rescue was quite successful. I suspect that the teacher and his charges will be a little more cautious before blundering into the mountains again."

"Just less than one week later, the rescue team was called out again to rescue an injured climber on Stellenbosch Mountain. We received the call from Stellenbosch Ambulance services, and David Weber and Hans Scheffler responded to the call. The approximate location of the injured party was known, so we did not need an extensive search. A volunteer fireman and first-aider (Raoul) was at the scene, with a radio and medical kit, and was able to guide us to the patient. Hans, myself and three Metro personel set off up the mountain to assist. Raoul was able to flash his torch at us twice before the battery went flat so we had a good idea of where he was. We climbed up to the base of the rock face through thick bush to the 650m contour and located the party

at 11pm. Our patient turned out to be a Rastafarian called Levi, who was out looking for herbs, and had attempted to climb up a short face. The climb was unsuccessful as it resulted in a long fall, multiple bruises and a nasty fracture of his lower left leg. He was not going to be walking anywhere anytime soon. Metro did a fine job of stabilising the patient. Given the time of day, the difficulty of the terrain and the condition of the patient, we decided to overnight and call in a helicopter to hoist the patient off the mountain. Hans guided several team members off the mountain for a very bushy descent and Dave and three Metro Guys then spent an uncomfortable and coffee free night on the mountain. A helicopter rescue was organised by the Cape Town Section and the Air Force, and by 8:05am the next morning, an Oryx had left Ysterplaat with two Cape Town section members (Hugo and Andrew). By 8:20 they had found us and dropped them (Hugo and Andrew). The patient had never flown before and was more than a little apprehensive about this huge chunk of noisy metal in the sky, but a few minutes later, we were all hoisted aboard by a slick crew under the command of Major Jew, and we were on our way to the Fire Department in Stellenbosch."

From the MCSA, a big thank you to Metro, Stellenbosch Ambulance, the Air Force and the MCSA volunteers (Stellenbosch and Cape Town sections) for their support in the second rescue.

Dave Weber

Here are the telephone numbers in event of a mountian emergency:

- Injuries / rescue: Ambulance service on 10177
- Missing persons / search: Police on 10111 or Stellenbosch police on 809 5003

They will contact the relevant rescue services as required.
When you do report an emergency, STAY at the phone so that you can be contacted again for more details. Remember that it can take a few hours to get a resuce effort organised.

• Bergklim op die Net

Nou kan jy met jou muis gaan bergklim in die VSA en kyk wat die amerikaners bedoel met "Webclimbing"….

- http://www.geocities.com/Yosemite/2483/
  Take a virtual mountain trek along the Pacific Northwest Cascades where a spine of glaciated volcanic summits crowns the western regions of Oregon, Washington, and northern California. VirtualCascades.com features vivid mountain photography, climbing links, virtual climbs, live cameras and more!
- Tuan's Mountaineering Page – good photographs
  http://www.cs.berkeley.edu/~qtluong/mountain/
- Weervoorspelling webruimtes: http://weather.iafrica.com/metrocast;
  http://weathersa.co.za; http://www.wunderground.com/global/za.html

Kyk ook na Big Wall Climbing in Africa:http://www.alardsbigwall.webclimbing.com. (sien ook Mozambique 2001 elders in die nuusbrief)

• Nuus uit ander oorde

➢ Orange Kloof is open again

Orange Kloof, which has been closed to the public for a number of years, is now open again. However, visitors have to apply for a permit to visit the area, and the way to do that is by sending a fax to the office at Newlands Forest (fax 685 5944) or e-mail (newlands@parks-sa.co.za), stating the usual – dates, numbers, etc.

- **2000 Joernaal Fotografie kompetisie**

  Entries are invited for the MCSA Journal 2000 Photographic Competition. Prizes, sponsored by outdoor Warehouse include an Isodome tent, backpack and boots. Only material with Africa as subject matter in the following two categories will qualify: (1) rock/ice climbing action or (2) mountaineering and mountain landscapes.

  The competition is being hosted by MCSA 2000 Journal Subcommittee. The winners will be announced at the competition exhibition on Wednesday 9 May 2001 at 20:00 at the Johannesburg Section's clubhouse in Waverley Park, Jhb.

  It is envisaged that some of the best slides/photographs will be chosen for inclusion in the 2000 MCSA Journal and/or the 2001 MCSA Calendar and/or be displayed on the MCSA web page. Entry forms and the competition rules are available from all sections of the MCSA, at http://mcsa.org.za/photo-comp00.html or Petro Grobler (ph/fax 012 341-1804 or petrogrobler@icon.co.za) The competition is open to all members of the MCSA. Entries must be received by the 2000 MCSA Journal subcommittee by no later than Monday 30 April 2001.

  A total of up to ten 35mm slides and/or photographic prints no smaller than 20cm x 25cm may be entered per member. These must have been composed and taken by the entrant.

• Nuwe Lede en Aansoekers

- Ons heet die volgende nuwe lede hartlik welkom: Elsje Bakkes, Anna-Marie du Toit, Dawie du Toit, Willem de Bruin, Nigel Bowman, Klaus Kircher en Brigitte Kircher.

- Aansoek om lidmaatskap is ontvang van: Jan Malan, Barney de Villiers, Bart Willems, Birgit Reiter, Charl Visagie, Surona Visagie, Anina Potgieter, Anita du Plessis, Jannas du Plessis, Zandy Rosochacki, Yvonne Barnard, Tonya Barnard en Greg Andrews

• Klimprogram: April tot Augustus 2001

Let wel : Deelname aan uitstappies geskied op ***eie risiko***.

VRYDAG 27 TOT SONDAG 29 APRIL: AGTER-MILNERVLAKTE, HEKSRIVIERBERGE

Kamp twee aande op die Milnervlakte. Bel leier.
Bring saam: Tent en dagsak.
Leier: Gerhard van Wyngaardt (sel 083 233 4927 / gerhard@hho.co.za)
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 75,00

SATERDAG 5 MEI 2001: BLINKWATERNAALD, TAFELBERG

Klassieke "D" klim. Bring harnas en figuur-8. Bel leier.
Leier: Teuns Kok (883 8946 h)
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 30,00

SATERDAG 12 MEI 2001: KLIPSPRINGER, JONKERSHOEK

Aangename "B/C" klimroete. Onthou ledekaarte.
Leier: Dawie Blake (082 339 9881 sel)
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 10,00

SATERDAG 19 MEI 2001: LLANDUDNO KUSSTAP/DWARSKLIM

Interessante en opwindende dwarsklim tussen Llandudno en Houtbaai.
Leier: Dennis Lange (434 2898 h)
Vertrek: 7h30 vanaf Elektriese Ingenieursgebou. Ontmoet leier 8h30 by Kloofnek.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 45,00

SONDAG 20 MEI 2001: PIEKE, JONKERSHOEK

Sentraalkloof op / Nerinakloof af. Fiksheid vereiste. Onthou ledekaarte. Bel leier.
Leier: Hans Scheffler (883 9025 h / hscheff@bigfoot.com)
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 10,00

SATERDAG 26 MEI 2001: BOTMASKOP NA PIEKE

Oefen vir die Jonkershoek Marathon! Fiksheid vereiste! Bel leier.
Leier: André Leeuvenink (855 3746 h; epos: andrel@rrs.co.za)
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 10,00

SATERDAG 26 TOT SONDAG 27 MEI: BOTMASKOP NA RIFBERG

Vir die wat nie vir die marathon oefen nie – ons doen ¼ van die marathon roete oor 2 dae en slaap op die Jonkershoek Pieke. Fiksheid wel ‘n vereiste. Bel leier.
Leier: Hans Scheffler (883 9025 h / hscheff@bigfoot.com)
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 10,00

SATERDAG 2 TOT SONDAG 3 JUNIE 2001: WEMMERSHOEKBERGE

Agter-Tafelberghut na Du Toitspiek. Bel leier.
Bring saam: tent en warm klere!
Leier: Teuns Kok (883 8946 h)
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 40,00

VRYDAG 8 JUNIE 2001: SOSIALE AAND

Brood en sop aand. Bel vir Elsbeth tel 887 4113.
Plek: KANA woonstel 3, Helderbergstraat 16, Stellenbosch.
Tyd: 19h00
Bring saam: eie drinkgoed, bord en lepel

SATERDAG 9 JUNIE 2001: LEFT-FACE “B”, TAFELBERG

Interessante/klassieke roete links van Platteklip.
Leier: Fritz Ensink (854 6911 h)
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 30,00

SONDAG 17 JUNIE 2001: SIMONSBERG

Aangename makliker klim met top uitsig!
Leier: Hans Scheffler (883 9025 h / hscheff@bigfoot.com)
Vertrek: 7h30 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 10,00

SATERDAG 23 OF SONDAG 24 JUNIE 2001: ARROW FINAL, TAFELBERG

Klassieke klim met blootstelling en uitsig! Bel leier vir definitiewe datum.
Bring harnas en lang sling met karabiner. Beperking op getalle.
Leier: Paul Verhoeven (887 4113 h)
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 30,00

SATERDAG 21 JULIE 2001: HELDERBERG

Maklike klim met besondere uitsig! Onthou ledekaarte en waterbottels.
Leier: Dawie Blake (082 339 9881 sel)
Vertrek: 7h30 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 15,00

SATERDAG 28 JULIE 2001: BERGRIVIERNEK NA SOSYSKLOOF, JONKERSHOEK

Oefen vir die Jonkershoek Marathon! Fiksheid vereiste! Bel leier.
Leier: André Leeuvenink (855 3746 h; epos: andrel@rrs.co.za)
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 10,00

SONDAG 29 JULIE 2001: FRASERS VARIASIE, TAFELBERG

Klassieke rotsklim! Ideaal vir beginners. Bel leier.
Bring harnas en lang sling met karabiner as jy het. Getalle beperk.
Leier: Fritz Ensink (854 6911 h)
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 30,00

SATERDAG 4 AUGUSTUS 2001: VICTORIAPIEK

Hoogste berg in Jonkershoek! Fiksheid vereis. Onthou ledekaarte.
Vir sneeutoestande: warm klere, handskoene en plastieksak vir gly!
Leier: Eckart von Delft (851 5222 h)
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 10,00

SONDAG 12 AUGUSTUS 2001: MOWBRAY-RIF, DUIWELSPIEK

Die klassieke “Davidson-roete”. Aangename klim, en nie te lank nie.
Bel leier indien by Rhodes-Gedenkteken aansluit.
Leier: Dave Davidson (887 6577 h)
Vertrek: 8h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou, en 8h45 by Rhodes-Gedenkteken.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 30,00

SATERDAG 18 AUGUSTUS 2001: MATROOSBERG, HEKSRIVIERBERGE

Fiksheid Vereiste! Opwindende glybane in die sneeu!
Vir sneeutoestande: warm klere, handskoene en plastieksak vir gly!
Bel leier ivm reëlings vir oorslaap op De Doorns Vrydagaand.
Leier: Heinz Jakobs (sel 082 852 7896)
Voorgestelde brandstof bydrae: R 80,00

SATERDAG 18 AUGUSTUS 2001: LANGRIVIERNEK NA BERGRIVIERNEK

Oefen vir die Jonkershoek Marathon! Fiksheid vereiste! Bel leier.
Leier: André Leeuvenink (855 3746 h; epos: andrel@rrs.co.za)
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 10,00

SATERDAG 25 AUGUSTUS 2001: PANORAMA, JONKERSHOEK

Makliker stap met 'n "panoramiese" uitsig op die berge! Onthou ledekaarte.
Leier: Peter-Jan Randewijk (883 8592 h)
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou.
Voorgestelde brandstof bydrae: R 10,00

• Uitstappieverslae

Leiers word vriendelik versoek om so gou as moontlik na die afloop van hul uitstappie die uitstappieverslagvorm te voltooi en terug te stuur aan Posbus 152, Stellenbosch,7599 of verkieslik per e-pos aan *bksa-stb@bigfoot.com.* Al het die uitstappie nie plaasgevind nie, moet 'n verslagvorm steeds ingedien word.

13 Januarie 2001: Rooiels na Betty'sbaai

'n 95% kans van reën het die bergklimmers nie koue voete laat kry nie. 'n Baie suksesvolle uitstappie in die son en reën - dis die lekker koffie in Pringlebaai en vriendelikheid van die BKSA lede wat nie vergeet sal word nie!

Leier: Dawie Blake

20 Januarie 2001: Wolwekloof

Heerlike weer met baie son om al die swemme te geniet. Dit bly maar een van die lekkerste swem uitstappies.

Leier: Dieter Steinmann

27 Januarie 2001: Palmietriviervallei

It was a very hot day so the swims in the big beautiful pools were very welcome. We found the two waterfalls with their cooler pools up a side kloof – thanks to Dieter's directions. It was a long day enjoyed by all. The lovely fynbos adding to our pleasure.

Leier: Delice Thompson

2 tot 4 Februarie 2001: Kloofstap by Grootvadersbos

After waiting in vain for one Josephine Adams we joined the rush hour traffic and arrived at the farm at last light. Sonja decided to camp on some cow-dung. Gerhard couldn't find his wetsuit and his torch battery was flat. As it was a perfect evening Sonja and Gerhard decided not to put up a tent.

The rain took them by surprise! Saturday was cold, windy and raining so we hiked in the forest. Although we were tempted to pass another wet night in the dung-field we settled for free 5-star farm-house accomodation. Tempted as we were to luxuriate there on Sunday, we headed for the dreaded Heuningneskloof. Our entry point Gerhard named "Bobbejaane-wat-ons-met-klippe-wou-gooi-met-agt-hande-weg-gejaag-poel!" After a nervous start everything went well so I treated the party to a free 2-hour bundu-bash out of the kloof!

Leier: Dennis Lange

10 Februarie 2001: Kleinmond Drie Susters

Die weervoorspelling was baie warm ook vir Kleinmond omgewing en 'n paar van die voornemende deelnemers het sommer die vorige aand al kop uitgetrek. Ons ander is baie vrolik hier weg. Teen die tyd dat ons begin stap het was dit al redelik warm en op die eerste nek het die leier ook handdoek ingegooi en die res oor die berg gestuur met die tweede in bevel. Die klim was lekker ten spyte van die hitte en agterna was die swem in Palmiet 'n lafenis. Die uitstappie is hier kort geknip met 'n geleentheid tot in Kleinmond en hierna het ons lekker piekniek gehou in die koel seeluggie langs die Steinmanns se huis.

Leier: Maretha Steinmann

17 Februarie 2001: Duiwelskloof/Eikenhofkloof
Hierdie is nou al ‘n jaarlikse instelling en bly steeds gewild. Ons is op met Duiwelskloof en staan reeds om 9:15 op die nek daarbo. Die 7 abseils in Eikenhofkloof verskaf die groot opwinding vir die dag! Maar dit is ook ‘n besondere kloof met sy ongerepte natuurskoon van groot bome, mosbegroeide watervalle en daardie groot wit wand van Dragoon Buttress bo ons. Volgende jaar maak ons weer so.

Leier: Teuns Kok

25 Februarie 2001: Kerkdiens op Tafelberg
Hans had been taken ill, and the entire Stellenbosch party departed from Kirstenbosch, via Skeleton Gorge. We were feeling the heat - and recent colds - and took the climb very slowly indeed, savouring the mountain. We arrived at Maclear's Beacon as the service started! We returned via the dams and Nursery Ravine. A very relaxing day on Table Mountain.

Leier: David Davidson

2 tot 4 Maart 2001: Groothoekkloof (abseil)
Soos altyd: seker die uitstappie wat die meeste opwinding vir die minste moeite verskaf. Deesdae is daar boute in die rots geinstalleer om by elke waterval as abseilpunt te dien; diegene wat nie die bosse vertrou het in die verlede nie, kan dus gerus volgende keer saamkom. Selfs die weer speel perfek saam, wat ons laat wonder het; waaroor is die kloof kwansuis berug vir sy koue.

Leier: Retief Jordaan

17 Maart 2001: Groot-Drakensteinpiek
'n Baie indrukwekkende kloof met hoe wande en interessante rotsformasies bo. Ten spyte van die mis wat die sig en uitsig belemmer het, het ons ons pad na die volstruis en die piek sonder probleme gevind. Teen 18h30 was ons weer terug by die Ingenieursgebou.

Leier: Dawie Blake

24 tot 25 Maart 2001: Groot Winterhoek area
"Die weer het sommer lekker saamgespeel: warm wanneer ons wou swem en koel wanneer ons moes stap! Per geluk loop ons 'n ou berg-vriendin raak wat nie met haar skoolkinders wil Hel toe gaan nie en ruil permitte! Saterdagmiddag eers die pragtige Klein Kliphuisrivier beswem; party onwillekeurig. En Sondag in die WARM water van die Hel geswem. Fritz het 'n optiese illusie ontdek wat deur 'n waterval veroorsaak word - die rotse beweeg! In geheel gesien: 'n heerlike swem-naweek"

Leier: Gerhard van Wyngaardt

7 April 2001: Pieke, Jonkershoek
Uitgereën

Leier: Hans Scheffler

Nuusbrief versorg deur Elsbeth en Paul Verhoeven
einde van nuusbrief No 229